**Donderdag 29 Augustus**

| Skrifgedeelte: Filippense 1:1-26 | Fokusgedeelte: Filippense 1:19-26 (1933/53- |
|---|---|

**ertaling)**

**Die bekende hiernóú en die verheerliking hierná teen mekaar opgeweeg**

Ons vermy dit om daaroor te dink. Maar hoe ouer jy word (of hoe sieker) hoe meer raak dit ’n realiteit dat jy van hierdie wêreld moet afskeid neem. Van dinge en mense vir wie jy lief is en omgee. Jou familie, gesin, kinders, kleinkinders. Hulle het jou nog so nodig. Daar’s jou besigheid. Wat sal jy kies? Die lewe hiernou of die lewe hierna?

Paulus se lewe hier en nou is nie sinloos nie. Dit gaan goed met sy bedieningswerk. Sy omstandighede is egter moeilik en vol beproewing (sluipmoordaanval, vervolging, gevangenisskap). Sy situasie is van so ’n aard dat dit enige tyd kan uitloop óf op die lewe óf op die dood. Om blydskap by hom te wek, weeg hy die lewe hiernou op teen die lewe hierna. Sal hy alles wat bekend is, agterlaat? Wat sal hy kies? Asof hy ’n keuse het …

Die “keuse” is nie vir Paulus om’t ewe nie. Die lewe hierna, die verheerliking, is verreweg die beste! Dit is ’n lewe waar jy permanent saam met Christus is, sy teenwoordigheid in Persoon geniet en deel in sy verheerliking. “My siel word na hierdie lewe dadelik tot Christus my Hoof opgeneem” (HK So. 22). Later, met die wederkoms van Christus, kom ook die opstanding en verheerliking van my liggaam daarby. Ons kan saam met Paulus daarop wag en daarna uitsien. Die vooruitsig op hierdie heerlike dimensie van bestaan maak doodgaan (en die verwerking van die dood) maklik en vul my beproefde lewe met blydskap.

Tog maak die vooruitsig op die verheerliking, in ’n lewe saam met Christus, jou nie los van die lewe hiernou nie. Paulus oorweeg nie selfmoord nie. Hy leef hierdie lewe met sy beproewings en uitdagings voluit, doen sy werk voluit, want Christus laat hierdie lewe met sy bekende, oorloop in ’n lewe sonder verliese.

*Sing: Psalm 49-1:6*

*Ds. SJMS Smit (Faan) (Heidelberg)*